

November Vraestel
Graad 5

Vraag 1

Voltooi die volgende hoofrekenvrae:

$$25759 - \textcolor{red}{259} = 25500$$

$$3 \times 5 \times 0 = \textcolor{red}{0}$$

$$80 \times 300 = \textcolor{red}{24000}$$

$$19 \times 14 = \textcolor{red}{14} \times 19$$

$$240 \div 20 = 240 \div 10 \div \textcolor{red}{2}$$

$$63000 \div 900 = \textcolor{red}{70}$$

$$100 \text{ meer as } 3987 \text{ is } \textcolor{red}{4087}$$

2651 is die eerste onewe getal na 2649

$$\textcolor{red}{600} - 150 = 450$$

$$70 + 20\ 000 + 9 + 70\ 000 = \textcolor{red}{70079}$$

$$5386 = (5 \times 1000) + (\textcolor{red}{3} \times 100) + (\textcolor{red}{8} \times 10) + (\textcolor{red}{6} \times 1)$$

Vraag 2

Vul die ontbrekende antwoord in:

$$8,065 \text{ km} = \textcolor{red}{8} \text{ km } \textcolor{red}{65} \text{ m}$$

$$950 \text{ mm} = \textcolor{red}{0,950} \text{ m}$$

$$75 \text{ cm} = \textcolor{red}{0,75} \text{ m}$$

$$6,4 \text{ m} = \textcolor{red}{6} \text{ m } \textcolor{red}{400} \text{ mm}$$

$$180 \text{ g} + \frac{1}{4} \text{ kg} + \textcolor{red}{570} \text{ g} = 1 \text{ kg}$$

$$13,004 \text{ kg} = \textcolor{red}{13004} \text{ g}$$

$$14 \text{ ml} = \textcolor{red}{0,014} \text{ liter}$$

$$\frac{3}{4} \text{ liter} + \frac{1}{2} \text{ liter} = 1250 \text{ ml}$$

$$240 \text{ sekondes} = 4 \text{ minute}$$

$$5 \frac{1}{2} \text{ uur} = 330 \text{ minute}$$

$$6 \text{ dae} = 144 \text{ uur}$$

Vraag 3

Skryf die volgende tye in digitale 24-uur tyd:

25 oor 9, nm **21:25**

25 voor 7, vm **06:35**

Half 8, vm **07:30**

10 voor 5, nm **16:50**

Vraag 4

Beantwoord die volgende vrae:

Noem al die veelvoude van 7 tussen 24 en 53

28; 35; 42; 49

Gee al die faktore van 30

1; 2; 3; 5; 6; 10; 15; 30

Omkring al die priemgetalle

2 9 13 17 21 27 29 33

Skryf die grootste onewe getal wat jy met die volgende getalle kan maak

3972

9723

Skryf die kleinste ewe getal wat jy met die volgende getalle kan maak

5294

2594

Rangskik die volgende getalle in stygende orde

78 586; 78 658; 87 865; 78 568; 87 658

78 568; 78 586; 78 658; 87 658; 87 865

Voltooi die tabel:

Getal	Waarde	Plekwaarde
56804	6000	Duisende (D)
87676	80000	Tienduisende (TD)

Vraag 5

Vul in <, > of =

3000 **>** 2099 + 1

5 kg 5 g **<** 5,5 kg (**5005 g < 5500 g**)

5 x 0 x 3 **<** 9 x 1 - 6

7000 + 4 + 10 **>** 714

$$\frac{3}{4} = \frac{6}{8}$$

Vraag 6

Rond die volgende getalle af:

Tot die naaste 100 5623 **5600**

Tot die naaste 10 1205 **1210**

Tot die naaste 1000 24798 **25000**

Tot die naaste 10 2099 **2100**

Tot die naaste 100 3961 **4000**

Vraag 7

Voltooи die patroon:

3752; 3852; 3952; 4052; 4152

96; 48; 24; 12; 6; 3


13; 14; 16; 19; 23; 28; 34

2345; 2334; 2323; 2312; 2301

3; 9; 27; 81; 243


1; 4; 9; 16; 25; 36 (vierkantsgetalle 1×1 ; 2×2 ; 3×3 ; 4×4 ; 5×5 ; 6×6)

Kyk na die patroon wat met blokkies gepak is. Voltooи dan die tabel



Patroon	1	2	3	5	10
Aantal blokkies	1	3	5	9	19

Vind die waardes van die onbekendes (a, b en c) in die vloeidiagram:






$$a = 18$$

$$b = 38$$




$$c = 12$$

Vraag 8

Voltooи die volgende tabelle:

Vorm	Naam van vorm	Aantal regtehoeke	Aantal skerphoeke	Aantal stomphoeke
	driehoek	1	2	0
	seshoek	0	0	6
	ruit/rombus	0	2	2


Geometriese vorm	Naam	Aantal vlakke	Aantal rande
	silinder	3	2

	piramide met vierkant basis	5	8
	Seshoekige prisma	8	18
	sfeer	1	0

Vaag 9


Identifiseer in elke geval die beweging van A na B as translasie, refleksie of rotasie:

1.



rotasie

2.



refleksie

Vraag 10

Bereken (WYS JOU METODE) Metode soos voorgeskryf deur die skool

10.1) $R634,55 + R2589,95 + R3014$

10.2) $103436 - 69718$

Skryf die grootste getal bo.

Antwoord: 33718

Hou die kommas onder mekaar.

Vul op met nulle waar geen sente
aangedui is nie

Antwoord: R6238,50

10.3) Bepaal die produk van 573 en 8

10.4) $23270 \div 6$

“Produk van” beteken
vermenigvuldig.

Antwoord: 3878 res 2

Dus 573×8

Antwoord: 4584

10.5) 496×38

10.6) $1944 \div 18$

Antwoord: 18848

Antwoord: 108

10.7) $\frac{6}{7} + \frac{6}{7}$

Antwoord: $\frac{12}{7} = 1\frac{5}{7}$

10.8) $1\frac{3}{8} - \frac{5}{8}$

Antwoord: $\frac{11}{8} - \frac{5}{8} = \frac{6}{8} = \frac{3}{4}$

Vraag 11

**Die beantwoording van 'n woordprobleem verskil van skool tot skool.
Oor die algemeen moet daar 'n getallesin, bewerking en antwoord wees.
Hier word egter net die getallesin en antwoord verskaf**

Los die volgende woordprobleme op:

1. Daar is 6 blou lekkers, 5 groen lekkers en 1 rooi lekker in 'n sak.
Marius neem 'n lekker uit die sak sonder om te kyk. a) Wat is die kans (waarskynlikheid) dat dit 'n groen lekker is? b) Wat is die kans dat dit 'n blou lekker is? c) Wat is die kans dat dit 'n geel lekker is? d) Wat is die kans dat die lekker rooi of blou is?

a) $\frac{5}{12}$
b) $\frac{6}{12} = \frac{1}{2}$
c) $\frac{0}{12} = 0$
d) $\frac{7}{12}$
2. In 'n speelgoedwinkel is daar 5 speelgoed vir dogtertjies vir elke 4 speelgoed vir seuns. As daar 755 speelgoed vir dogtertjies is, hoeveel speelgoed is daar **altesaam** in die winkel?

$$\text{Speelgoed vir seuns} = 755 \div 5 \times 4$$

$$= 604$$

$$\text{Totale speelgoed} = 755 + 604$$

$$= 1359$$

Daar is 1359 speelgoed in die winkel

3. Help vir Nico om uit te werk hoeveel stukke tou van 9 cm elk hy uit 'n rol tou kan sny wat 4,86 m tou bevat.

$$4,86 \text{ m} = 486 \text{ cm}$$

$$\text{Aantal stukke tou} = 486 \text{ cm} \div 9$$

$$= 54$$

Nico kan 54 stukke tou sny

4. 'n Dubbelverdieping huis is 7,5 m hoog en 'n enkelverdieping huis 4,567m. Met hoeveel meter verskil die twee huise se hoogtes?

$$\begin{aligned}\text{Verskil in hoogte} &= 7,5 \text{ m} - 4,567 \text{ m} \\ &= 7500 \text{ mm} - 4567 \text{ mm} \\ &= 2933 \text{ mm} = 2,933 \text{ m}\end{aligned}$$

Die huise se hoogtes verskil met 2,933 m

5. Die Burger-gesin ry gemiddeld 229 km per week met hul motor. Hoeveel kilometer lê die motor in 38 weke af?

$$\begin{aligned}\text{Aantal kilometer} &= 229 \text{ km} \times 38 \\ &= 8702 \text{ km}\end{aligned}$$

Die Burger-gesin lê 8702 km in 38 weke af

6. Mev Nel spandeer $\frac{5}{9}$ van haar salaris op die huisverband en $\frac{2}{9}$ van haar salaris op die motor se paaiemant. As sy R15300 per maand verdien, hoeveel geld het sy oor nadat sy die huisverband en die motor se paaiemant betaal het?

$$\begin{aligned}\text{Breuk van geld wat oor is} &= \frac{9}{9} - \left(\frac{5}{9} + \frac{2}{9}\right) && \frac{2}{9} \text{ van R15300} \\ &= \frac{9}{9} - \frac{7}{9} && = R15300 \div 9 \times 2 \\ &= \frac{2}{9} && = R1700 \times 2 \\ &&& = R3400\end{aligned}$$

Daar is R3400 van haar salaris oor

7. In 'n seunskool van 720 leerders, neem $\frac{3}{8}$ van die seuns deel aan hokkie. Die res neem almal aan rugby deel. a) Hoeveel kinders neem aan rugby deel? b) Hoeveel meer seuns neem aan rugby as aan hokkie deel?

$$\begin{aligned}\text{a)} \frac{5}{8} \text{ van } 720 \left(\frac{8}{8} - \frac{3}{8} \text{ hokkie} \right) &= \frac{5}{8} \text{ rugby} \\ &= 720 \div 8 \times 5 \\ &= 450 && 450 \text{ seuns neem aan rugby deel}\end{aligned}$$

b) Seuns wat aan hokkie deelneem = $720 - 450 = 270$

Verskil = $450 - 270$


= 180 Daar neem 180 meer seuns aan rugby deel

8. Wat is die omtrek van 'n kamer met 'n lengte van 7 m en 'n breedte van 4 m?

Omtrek = $(7 \text{ m} \times 2) + (4 \text{ m} \times 2)$

= 22 m

9. Die grafiek toon die roomysverkope vir 'n week by 'n skool se snoepie.



Beantwoord die volgende vrae:

a) Op watter dag is die minste roomyse verkoop? **Vrydag**

b) Op watter twee dae is daar ewe veel roomyse vekoop?

Maandag en Donderdag

c) Hoeveel roomyse is altesaam verkoop gedurende die week?

$100 + 75 + 175 + 100 + 50 = 500$ roomyse

d) Watter dag was dit die warmste? Gee'n rede vir jou antwoord.

Woensdag. Mense eet graag roomys op warm dae.

10.a) Chris oefen elke dag 80 minute lank atletiek. Hoe laat maak hy klaar as hy Dinsdag 14:45 begin oefen? b) Hy begin 17:20 met sy huiswerk en maak 18:40 klaar. Hoeveel tyd het hy aan huiswerk spandeer?

a) $14:45 + 80 \text{ minute}$

$$= 14:45 + 60 \text{ min} \longrightarrow 15:45 + 20 \text{ min} = 16:05$$

b) $18:40 - 17:20$

$$= 17:20 - 18:20 \longrightarrow 1 \text{ uur} + 20 \text{ min} = 1 \text{ uur } 20 \text{ minute}$$

11. Hoeveel glasies van 200 ml elk sal ek uit 'n 3 liter koeldrankhouer kan skink?

$$200 \text{ ml} \times 5 = 1000 \text{ ml} = 1 \text{ liter}$$

$$\text{OF: } 3000 \text{ ml} \div 200$$

$$5 \times 3 \text{ liter} = 15$$

$$= 15 \text{ glasies}$$

Ek kan 15 glasies uit 3 liter skink

12. Dawie spaar R1094, R557 en R2744. Hoeveel moet hy spaar om R8000 te hê?

$$R8000 - (R1094 + R557 + R2744)$$

$$= R8000 - R4395$$

$$= R3605$$

13. Oom Koos het die volgende lengtes draad: 460 cm, 2,5 m en 900 mm. Hoeveel meter draad het oom Koos altesaam?

$$460 \text{ cm} + 250 \text{ cm} + 90 \text{ cm} \text{ (werk in dieselfde eenheid)}$$

$$= 800 \text{ cm} = 8 \text{ m}$$

Oom Koos het altesaam 8 m draad

14. Wat is die verskil tussen 14032 en 8981?

$$14032 - 8981$$

$$= 5051$$

Die verskil is tussen die twee getalle is 5051

15. Mia het 149 plakkers in haar plakkerboek. Haar beste vriendin het 197 plakkers en drie van haar ander maats het elkeen 206 plakkers.

Hoeveel plakkers het hul altesaam?

$$149 + 197 + (206 \times 3)$$

$$= 964$$

Hulle het 964 plakkers altesaam

16. Jano se pa wil 'n motor kontant koop. Hy het reeds R56789 gespaar.

Hy benodig nog R18150 om die motor te koop. Hoeveel kos die motor?

$$R56789 + R18150$$

$$= R74939$$

Die motor kos R74939

17. Pa ry 7684 km in week 1 en 9979 km in week 2. Hoeveel kilometer moet hy ry voor hy 21 000 km gery het?

$$21000 \text{ km} - (7684 \text{ km} + 9979 \text{ km})$$

$$= 21000 \text{ km} - 17663 \text{ km}$$

$$= 3337 \text{ km}$$

Hierdie vraestel toets die grootste gedeelte van die werk wat in graad 5 behandel is. Die vraestel is langer as 'n standaardvraestel.